DOUG BATCHELOR

# ALLESBEHALWE
# Geheimsinnig!

Kopiereg © 2004 deur
Doug Batchelor

Alle regte voorbehou.

In Afrikaans vertaal deur
Anita van Deventer

Vir gebruik in die
Transvaal Konferensie

# Allesbehalwe
# **GEHEIMSINNIG!**
DEUR
DOUG BATCHELOR


1. God se Waarskuwing …………………………………………………….
2. Nie 'n Geheim Nie ………………………………………………………….
3. Grondslag vir Verwarring ………………………………………………
4. Nie Agtergelaat Nie …………………………………………………….
5. Deur die Verdrukking
   Met Christus ……………………………………………………….
6. Moeilike Tye ……………………………………………………………….
7. Net Voor die Plae ………………………………………………………….
8. Geen Tweede Kans Nie …………………………………………………….
9. God Word Verhoor ………………………………………………………….
10. Geen Rede Om Te Vrees Nie ………………………………………….
11. Redding Uit die Hemel …………………………………………………….

Hoofstuk Een

# God Se Waarskuwing

In die vroeë 1500's, was die Asteekse ryk een van die magtigste en mees gesofistikeerde beskawings in die westelike halfrond. Binne die bestek van slegs een jaar was hierdie magtige nasie van meer as 2 miljoen mense egter deur net 600 mans oorwin en as slawe geneem. Hoe het dit gebeur?

Die Asteke het 'n profesie gehad oor Quetzalcoatl (kèt-säl'ko-ä-tal), 'n legendariese geveerde god-koning wat blank en bebaard was. Dit het voorspel dat hy van oor die see na Mexiko sou terugkeer en dat hy in wolke vanuit die ooste sou kom om hulle te red.

In 1519 het Spaanse galjoene in Mexiko aangekom met 'n groep veroweraars aan boord, gelei deur Hernando Cortez. Toe die Asteke hierdie skepe gesien het, het hulle gedink dat die bollende seile soos wolke gelyk het. Cortez het van die Asteekse legende by Indiane, wat op die strand gewoon het, gehoor en hy het besluit om dit tot sy voordeel te gebruik. Deur die mantel van godheid aan te neem, het hy gehoop om die bygelowige Koning Montezuma II te verbyster.

Terwyl die koning gewag het om die blanke besoeker eervol te ontvang, het Cortez met sy troepe tot in die middel van die Asteekse hoofstad marsjeer. Teen die tyd dat die mense besef het dat Cortez nie die verlosser was wat hulle verwag het nie, was dit te laat.

Die veroweraars het voortgegaan om die Asteekse volk te beroof, as slawe te neem en te dood. 'n Hele nasie was bedrieg en vernietig – gedeeltelik omdat die profesieë van hulle god se terugkeer so dubbelsinnig was dat enigeen dit kon naboots.

Binnekort sal Satan probeer om Jesus voor te stel en Sy

wederkoms na te boots. God se volk hoef egter nie bedrieg te word nie. Toe die dissipels vir Jesus gevra het vir die teken van Sy wederkoms en die einde van die wêreld, het Hy eerstens aan hulle gesê dat hulle moet waak teen bedrieërs. Hy het gesê, “Pas op dat niemand julle mislei nie. Want baie sal onder my naam kom en sê: Ek is die Christus! En hulle sal baie mense mislei.” (Mattheus 24:4,5).

Christus het toe voortgegaan om vir Sy volgelinge ‘n oorvloed van inligting oor Sy wederkoms te gee sodat daar geen twyfel sou wees oor hoe Hy sou terugkeer nie. Jesus wil nie net hê dat ons moet weet dat Hy gaan terugkom en dat dit binnekort gaan wees nie, maar dat ons ook die *manier* hoe Hy gaan terugkom moet verstaan.

Die rede waarom dit so belangrik is, is omdat Satan binnekort gaan probeer om voor te gee om Jesus te wees en om Sy wederkoms na te boots. Om die weg voor te berei, het Satan ‘n wanvoorstelling aan die Christelike wêreld oorgedra wat byna allerweë in die vernaamste kerke aanvaar word. Ek verwys na die gewilde leerstelling aangaande ‘n “geheime wegraping.”

Die geheime wegraping teorie was ontwerp om God se volk te sus met ‘n valse gevoel van sekuriteit en om hulle voor te berei vir die finale groot misleiding.

Die duiwel weet dat Jesus gaan terugkom en dat hy min tyd oor het (Openbaring 12:12). Hy is al vir 6,000 jaar besig om sy bedrieglike vaardighede te slyp en sy laaste maskerade sal sy meesterstuk wees.

Inteendeel, God waarsku dat Satan so oortuigend te werk sal gaan, dat indien dit moontlik is, selfs die uitverkorenes mislei sal word. Jesus het vir Sy dissipels gesê, “As iemand dán vir julle sê: Kyk, hier is die Christus! Of: Daar! – moet dit nie glo nie. Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die

uitverkorenes te mislei." (Mattheus 24:23,24).

Satan is nie 'n aaklige, koddige, vlermuisagtige wese, geklee in 'n rooi leotard nie. Hy is 'n engel – 'n pragtige, kragtige engel. En die Bybel maak dit duidelik dat hy in staat is om homself te verander en in verskillende gedaantes te verskyn. "Want sulke mense is valse apostels, bedrieglike arbeiders wat hulleself verander in apostels van Christus. En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in 'n engel van die lig." (2 Korinthiërs 11:13,14). Ons moenie onderskat hoe oortuigend en oorweldigend Satan se finale bedrog sal wees nie. Ek is seker dat hy selfs die Skrif sal aanhaal, soos wat hy gedoen het toe hy Christus in die wildernis versoek het (Mattheus 4:1-6).

Die duiwel het ook die vermoë om die illusie van wonderwerke te skep. U sal onthou dat toe Moses na Farao gegaan het en gepleit het vir die kinders van Israel, die towenaars van Egipte in staat was om die eerste paar tekens van God te dupliseer (Exodus hoofstukke 7,8). Satan se beroep is misleiding en ons weet dat hy die grootste bedrog vir die eindtyd hou. Ons moet weet hoe Jesus gaan kom, of ons sal mislei word.

Die Bybel stel dit duidelik dat wanneer Jesus terugkom, Sy voete nooit die grond sal raak nie. Dit sê dat die regverdiges Hom in die lug sal ontmoet (1 Thessalonicense 4:17). Dit is waarom Jesus ons duidelik waarsku, "As hulle dan vir julle sê: Kyk, Hy is in die woestyn – moenie uitgaan nie; kyk, Hy is in die binnekamer – moet dit nie glo nie. Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees." (Mattheus 24:26,27).

Satan kan nie 'n ontsaglike wêreldwye gebeurtenis met die omvang van die werklike wederkoms naboots nie. Indien hy Christene egter kan verlei om die geheime wegraping teorie te glo, sal dit nie vir hom nodig wees om die wederkoms na te maak nie. Hy kan eenvoudig op verskillende plekke in die wêreld

verskyn, groot wonderwerke doen, op die televisie verskyn, en daardeur die hele wêreld bedrieg.

Elke generaal weet dat die sleutel tot oorwinning in ‘n geveg die verrassingselement is. Baie gevegte is gewen as gevolg van ‘n slim afleidende taktiek. Terwyl een lëer se aandag afgetrek was deur ‘n afleiding, het die vyand van agter gekom om hulle te oorweldig. In die duiwel se finale aanslag, sal hy dieselfde doen. Die aartsbedrieëer wou nog altyd God gewees het. Nou weet hy dat hy gedoem is, maar sy laaste uitdagende gebaar teen die hemel sal wees om Jesus na te boots en deur ‘n verloregaande wêreld aanbid te word.

Satan se bedrog sal sterk en oortuigend wees, maar Christus het aan ons voldoende inligting voorsien sodat ons tussen die waarheid en die valsheid kan onderskei.

## Hoofstuk Twee
## **Nie ‘n Geheim Nie**

Sal daar ‘n wegraping wees? Ja. Sal dit in die geheim wees? NEE!

Wegraping beteken “om met krag weggeneem te word”, en dit is waar dat wanneer Jesus kom die lewende regverdiges opgeneem sal word om die Here in die lug te ontmoet (1 Thessalonicense 4:17). Baie mense begin egter glo dat hierdie wegraping stilweg sal plaasvind – dat getroue Christene wêreldwyd skielik sal verdwyn en dat die oorblywendes op aarde ‘n periode van sewe jaar van verdrukking sal ondergaan. Hulle sê dat gedurende hierdie periode baie hul sal bekeer en ‘n “tweede kans” op verlossing gegun sal word voor Christus se finale wederkoms.

Alhoewel die geheime wegraping scenario met die eerste

oogopslag vertroostend blyk, is daar absoluut geen skriftuurlike ondersteuning daarvoor nie. Die Bybel verkondig duidelik dat wanneer Jesus weer gaan kom, al ons sintuie met bewyse gebombardeer sal word!

*Sy Koms Sal Werklik Wees*

> "En nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien; en 'n wolk het Hom voor hulle oë weggeneem. En toe hulle nog stip na die hemel kyk terwyl Hy weggaan, staan daar twee manne in wit klere by hulle, wat sê: Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het." (Handelinge 1:9-11).

Hemelse boodskappers het vir die dissipels gesê dat Jesus op dieselfde wyse na hierdie aarde sal terugkeer as wat Hy dit verlaat het. Christus het op die wolke weggegaan, en Hy sal op wolke terugkeer. Hy was sigbaar toe Hy weg is, en Hy sal sigbaar wees wanneer Hy terugkom. Hy het 'n fisiese liggaam gehad toe Hy gegaan het, en Hy sal op dieselfde manier terugkom.

*Sy Koms Sal Sigbaar Wees*

> "Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien" (Openbaring 1:7).

> "Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees." (Mattheus 24:27).

> "En dan sal die teken van die Seun van die mens in die

hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid." (Mattheus 24:30).

Wanneer Christus terugkom, sal dit nie slegs 'n plaaslike waarneming of geïsoleerde gebeurtenis wees nie. Dit sal wêreldwyd sigbaar wees.

*Sy Koms Sal Hoorbaar Wees*

"Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en dié wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees." (1 Thessalonicense 4:16,17).

"Die Here sal brul uit die hoogte en sy stem verhef uit sy heilige woning! Geweldig sal Hy brul oor sy woonplek" (Jeremia 25:30).

"Onse God kom en kan nie swyg nie. Vuur verteer voor sy aangesig, en rondom Hom storm dit geweldig." (Psalm 50:3).

Soos u uit die voorgaande Skrifture kan sien, sal Christus se wederkoms luidrugtig wees! Daar sal uitroepe en trompette en allerhande soorte geluide wees. Niemand sal dit per ongeluk misloop of die volgende dag daarvan in die koerante lees nie.

*Sy Koms Sal Emosioneel Wees*

"En mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die

hemele sal geskud word. En dan sal hulle die Seun van die mens sien kom in ‘n wolk, met groot krag en heerlikheid. (Lukas 21:26,27).

“En hulle sal in dié dag sê: Kyk, dit is onse God op wie ons gewag het, dat Hy ons kan verlos; dit is die Here op wie ons gewag het: laat ons juig en bly wees oor sy hulp.” (Jesaja 25:9).

Wanneer Christus terugkom, sal dit ‘n emosionele dag wees vir beide die goddelose en die regverdiges. Die verlorenes sal onbeskryflike vrees en angs ervaar, terwyl die gereddes die volmaakte vreugde van ewige verlossing sal ervaar.

*Sy Koms Sal Die Grafte Open*

“En dit is die wil van Hom wat My gestuur het, dat elkeen wat die Seun aanskou en in Hom glo, die ewige lewe mag hê; en Ek sal hom opwek in die laaste dag.” (Johannes 6:40).

“Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word; maar elkeen in sy eie orde: as eersteling Christus, daarna die wat aan Christus behoort by sy koms.” (1 Korinthiërs 15:22,23).

“Want die Here self sal van die hemel neerdaal met ‘n geroep, met die stem van ‘n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en dié wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.” (1 Thessalonicense 4:16,17).

Hierdie is die Bybel se beskrywing van die wegraping. Die dode in Christus sal deur Sy krag opgewek word en sal Hom in die lug ontmoet. Daarna sal die getroues wat nog lewe ook opgeneem word. Dit sal geen geheim wees nie!

*Sy Koms Sal Die Aarde Vernietig*

> "Die aarde word geheel en al verbreek, die aarde is geheel en al aan wankel, die aarde word geheel en al geskud. Die aarde waggel geheel en al soos 'n dronkaard en swaai heen en weer soos 'n naghut; en sy oortreding is swaar op hom; en hy sal val en nie weer opstaan nie." (Jesaja 24:19,20).
>
> "En die hemel het weggewyk soos 'n boek wat toegerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke versit." (Openbaring 6:14).
>
> "En daar het stemme gekom en donderslae en bliksemstrale, en daar het 'n groot aardbewing gekom soos daar nog nie gewees het vandat die mense op die aarde was nie – so 'n geweldige groot aardbewing. En die groot stad is in drie dele verdeel, en die stede van die nasies het geval. En die groot Babilon is in gedagtenis gebring voor God, om haar te gee die beker met die wyn van die grimmigheid van sy toorn. En alle eilande het gevlug, en berge is daar nie gevind nie." (Openbaring 16:18-20).

Hierdie wêreld sal onbewoonbaar wees vir mense na Christus se koms. Sy koms sal die fondamente van die aarde skud.

*Sy Koms Sal Die Finale Oordeel Beteken*

"Want die Seun van die mens staan gereed om met sy

engele in die heerlikheid van sy Vader te kom, en dan sal Hy elkeen vergeld volgens sy dade.”  (Mattheus 16:27).

“En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees.”  (Openbaring 22:12).

Dit is by Christus se wederkoms wat ons ons finale beloning sal ontvang.  Elke persoon se keuse sal alreeds gemaak wees; daar sal geen tweede kans op bekering wees nie.  Dit is nou die tyd om te besluit om Christus te volg!

## Hoofstuk Drie
## **Grondslag vir Verwarring**

Met soveel bewyse in die Bybel oor die manier waarop Christus gaan terugkom, waar kom die idee vandaan dat die wegraping ‘n geheime gebeurtenis gaan wees?

Soos met die meeste misleidings, is die geheime wegraping teorie gebaseer op ‘n paar tekse wat uit konteks geneem is. Twee hoofkonsepte in die Skrif word gebruik om ‘n “geheime” wegraping te staaf.

Die belangrikste een is dat Jesus soos “’n dief in die nag” sal kom.  Die geheime wegraping teorie neem aan dat dit beteken dat Christus in die geheim gaan kom om die regverdiges weg te steel en hulle stilletjies hemel toe te neem.

Christus se wederkoms word verskeie kere in die Nuwe Testament beskryf as “’n dief”.  Kom ons kyk na een van hierdie gedeeltes en sien of dit ‘n geheime wegraping beskryf.  “Maar die dag van die Here sal kom soos ‘n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand.”  (2 Petrus 3:10).  Klink dit soos ‘n geheime gebeurtenis?

Deur Sy terugkeer soos ‘n dief te beskryf, het Christus nie bedoel dat dit stilletjies sou wees nie, maar dat dit skielik en onverwags sou wees – dat die goddeloses verras sou word. Hy het gesê, “As die huisheer geweet het in watter uur die dief sou kom, sou hy gewaak het en nie in sy huis laat inbreek het nie. Julle moet dan ook gereed wees, omdat die Seun van die mens kom op ‘n uur dat julle dit nie verwag nie.” (Lukas 12:39,40). Op dieselfde manier het Paulus vir die Christene in Thessalonika gesê, “Maar julle, broeders, is nie in duisternis, dat die dag julle soos ‘n dief sou oorval nie.” (1 Thessalonicense 5:4). God wil nie hê dat Sy volgelinge verras moet word nie. Hy wil hê dat ons waaksaam en gereed moet wees.

Om hierdie waarheid verder te illustreer, het Jesus gesê, “Niemand kan in die huis van ‘n sterk man ingaan en sy goed roof as hy nie eers die sterk man boei nie; en dan sal hy sy huis berowe.” (Markus 3:27).

Kan u uself ‘n huiseienaar voorstel wat onbewus sal wees van ‘n roof indien die dief sopas in sy huis ingebreek het, hom vasgebind en in ‘n kas gedruk het, en toe die hele plek deursoek het vir kosbaarhede? Natuurlik nie!

Op dieselfde wyse is die dag en uur van die wederkoms ‘n geheim, maar wanneer die heerlike gebeurtenis plaasvind, sal almal dit weet!

Die tweede konsep wat gebruik word om ‘n “geheime” wederkoms te ondersteun, word in Lukas 17:34-36 gevind: “Ek sê vir julle: In daardie nag sal daar twee op een bed wees; die een sal aangeneem en die ander verlaat word. Twee vroue sal saam maal; die een sal aangeneem en die ander verlaat word. Twee sal op die land wees; die een sal aangeneem en die ander verlaat word.”

Verkondigers van die geheime wegraping, sê dat hierdie gedeelte bewys dat die heiliges skielik van die aarde sal verdwyn

wanneer Jesus terugkeer.  Kom ons kyk openhartig na die bewys en sien wat hierdie versies in werklikheid leer.

In Lukas 17:34-36, gebruik Jesus sommige van Sy geliefkoosde simbole om ‘n eenvoudige punt te illustreer.  Aan die einde van tyd, sal daar slegs twee groepe mense op die aarde leef – die verlorenes en die verlostes.

*Twee Persone In Een Bed*

‘n Bed verwys gewoonlik na slaap, en Jesus het slaap gebruik as ‘n simbool van die dood.  Hy het vir die dissipels gesê, “Ons vriend Lasarus slaap;  maar Ek gaan om hom wakker te maak.”  “En toe sê Jesus vir hulle ronduit:  Lasarus is dood.” (Johannes 11:11,14).  In die opstanding op die laaste dag, sal daar twee soorte mense wees wat in die grafte slaap – die verlorenes en die verlostes.

*Twee Vroue Wat Saam Maal*

In Bybelprofesie is ‘n vrou ‘n simbool van ‘n kerk (Jeremia 6:2).  Om graan te maal, verwys daarna om die Woord van God te verkondig.  Wanneer Christus in heerlikheid kom, gaan daar twee soorte kerke wees – die valse en die ware.  Beide sal blyk om dieselfde te doen, maar slegs een sal verlos word.

*Twee Mans Op Die Land*

Die land verteenwoordig die wêreld (Mattheus 13:38). Wanneer Jesus weer kom, sal daar twee soorte sendelinge wees wat in die land werk – die valse en die ware.  Dit is waarom Hy gesê het, “Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie?  En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie.  Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!”  (Mattheus 7:22,23).

Hoofstuk Vier

## Nie Agtergelaat Nie

‘n Ander algemene misverstand wat in die geheime wegraping teorie bevat word, is dat mense sal aanhou leef op die aarde vir ‘n aantal jare na Christus se wederkoms. Die Bybel leer egter duidelik dat wanneer Jesus weer kom, daar niemand lewendig op hierdie planeet gelaat sal word nie.

Jeremia het byvoorbeeld in sy profesie oor die einde van tyd geskryf: “Ek het na die aarde gekyk, en dit was woes en *leeg*;ook na die hemel, en sy lig was daar nie. Ek het na die berge gekyk, en hulle het gebewe, en al die heuwels het geskud. Ek het gekyk, en *daar was geen mens nie, en al die voëls van die hemel het weggevlieg*. Ek het gekyk, en die land van tuine was ‘n woestyn, en al sy stede was afgebreek voor die Here, voor sy toorngloed.” (Jerema 4:23-26, beklemtoning bygevoeg).

Op ‘n ander plek het hy verklaar, “En die wat deur die Here verslaan is, sal dié dag lê van die een einde van die aarde tot die ander einde van die aarde; hulle sal nie beklaag of versamel of begrawe word nie; hulle sal mis op die aarde wees.” (Jeremia 25:33).

Die profeet Jesaja beskryf dieselfde misrabele toestande in sy profesie van die toestand van die aarde wat op die wederkoms volg. “Kyk, die Here maak die aarde leeg en verwoes dit, en Hy keer sy oppervlakte om en verstrooi sy bewoners.” “*Die aarde word heeltemal leeggemaak* en heeltemal geplunder, want die Here het hierdie woord gespreek.” (Jesaja 24:1,3, beklemtoning bygevoeg).

Laaste maar nie die minste nie, oorweeg die volgende Skrifgedeelte: “En soos dit gebeur het in die dae van Noag, so sal dit ook wees in die dae van die Seun van die mens: hulle het

geëet en gedrink, hulle het getrou en is in die huwelik gegee *tot op die dag* dat Noag in die ark ingegaan het, en die sondvloed gekom en *almal vernietig het*. Net soos dit ook gebeur het in die dae van Lot: hulle het geëet en gedrink, gekoop en verkoop, hulle het geplant en gebou. Maar *op die dag* toe Lot van Sodom uitgaan, het vuur en swael van die hemel af gereën en *almal vernietig*. Net so sal dit wees in die dag wanneer die Seun van die mens geopenbaar word." (Lukas 17:26-30, beklemtoning bygevoeg).

Let daarop dat die goddelose op dieselfde dag vernietig was wat die vloed na Noag gekom het en op dieselfde dag toe die vuur na Sodom gekom het. Jesus beklemtoon beide aan die begin en einde van hierdie gedeelte dat hierdie vroeëre oordele, wat al die goddeloses vernietig het, voorbeelde was van wat by Sy wederkoms gaan gebeur. Die Bybel is glashelder oor die feit dat lewe hier op aarde nie voortgaan vir mens of dier na Jesus se wederkoms nie.

## Hoofstuk Vyf
## **Deur die Verdrukking Met Christus**

Die idee dat die regverdiges net voor die tyd van verdrukking van hierdie wêreld weggeraap sal word en dat slegs die goddelose agtergelaat sal word om sewe jaar van verdrukking te verduur, is baie aantreklik. Dit is moontlik die rede waarom hierdie leerstelling algemeen aanvaar word. Die Bybel verkondig egter beslis die teenoorgestelde.

Die uitdrukking "sewe jaar van verdrukking" verskyn nêrens in die Skrif nie. Jesus het egter gesê dat daar 'n tyd van verdrukking op die aarde gaan kom net voordat Hy terugkeer en dat dit erger sal wees as enige ander verdrukking in die geskiedenis van hierdie wêreld. In Sy groot profetiese rede op

die Olyfberg, het Jesus die volgende stelling gemaak: "Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word." (Mattheus 4:21,22).

Indien die uitverkorenes nie gedurende die verdrukking op die aarde sal wees nie, sou dit nie nodig gewees het dat die tyd verkort moet word nie!

Dwarsdeur die Skrif sien ons voorbeelde van die Here wat mense *deur* verdrukking verlos, *nie daarvan* nie.

- Noag was nie uit die Vloed gered nie, maar daardeur.
- Daniël was nie uit die leeukuil verlos nie, maar daardeur.
- Sadrag, Mesag en Abednego was nie uit die vuuroond verlos nie, maar daardeur. In werklikheid het Jesus saam met hulle daardeur gegaan, en Hy sal ook deur die groot verdrukking saam met ons gaan!
- Die kinders van Israel was nie uit Egipte verlos voordat die plae geval het nie, maar daarna. God het Sy liefde en krag gedemonstreer deur hulle deur die tien plae in Egipte te bewaar. So ook sal die regverdiges op die wêreld wees wanneer die sewe laaste plae val (Openbaring hoofstuk 16), maar God sal hulle bewaar.

God het nooit beloof dat ons lewens altyd maklik sal wees nie. Christus het tot Sy Vader vir Sy dissipels gebid, "Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose bewaar." (Johannes 17:15). So ook verklaar Paulus in 2 Timotheus 3:12 "En almal wat ook godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal vervolg word." Paulus het ook vir 'n groep dissipels gesê, "Ons moet deur baie verdrukkinge in die koninkryk van God ingaan." (Handelinge 14;22).

In Sy gelykenis van die twee huisbouers, het Jesus geleer dat die storm net so seker na die wyse man kom wat sy huis op die rots bou as wat dit na die dwase man kom wat op die sand bou (Mattheus 7:24-27).  Die storm sal na almal kom.

Die goeie nuus is dat God se kinders die komende verdrukking *sal oorleef*.  Hulle sal uithou deur sommige van dieselfde oorlewingsvaardighede van die Groot Bekken denneboom in die VSA te gebruik. Gekenmerk as een van die oudste lewende bome op die planeet met 'n lewenspan van meer as 4,000 jaar, waar dit op verlate bergtoppe gevind word, het sommige van hierdie antieke immergroen bome duisende jare van ysige winde, stortreëns, skroeiende son, en intense elektriese storms oorleef.

Hoe kry hulle dit reg om sulke felle, ongunstige toestande te oorleef?  Hulle wortels word diep gegrond en om soliede rotse gevleg om vas te klou.

Op dieselfde wyse sal die heiliges hulle wortels van geloof diep in die Woord van God moet insink en hardnekkig aan die magtige Rots der Eeue moet vashou.

Onthou dat selfs al voorsien God nie altyd 'n ontsnappingsroete uit verdrukking nie, beloof Hy om ons die krag en sterkte te gee om daardeur te kom.  "Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee."  (Filippense 4:13).

## Hoofstuk Ses
## **Moeilike Tye**

Terwyl ons die groot verdrukking bespreek wat gaan plaasvind net voor Jesus se wederkoms, onthou dat daar in die verlede verskeie ander "moeilike tye" vir God se volk was.

Byvoorbeeld, die kinders van Israel het 400 jaar van verdrukking ervaar voor die Uittog uit Egipte (Handelinge 7:6).

Die vroeë Christene het ook deur ‘n tyd van verdrukking gegaan onmiddellik na die steniging van Stefanus (Handelinge 8:1). Vanaf 303-313 n.C., gedurende die tydperk wat deur die kerk van Smirna voorgestel word (Openbaring 2:10), het God se volk tien jaar van verdrukking verduur. Die mees noemenswaardige tyd van verdrukking is heelwaarskynlik die 1,260 jaar van intense vervolging van die ware Christene gedurende die Donkereeue. “En die vrou het na die woestyn gevlug waar sy ‘n plek het wat deur God gereed gemaak is, dat hulle haar daar sou onderhou duisend-tweehonderd-en-sestig dae lank.” “En toe die draak sien dat hy neergewerp is op die aarde, het hy die vrou vervolg wat die seuntjie gebaar het.” (Openbaring 12:6,13).

So donker as wat elkeen van hierdie tye vir God se volk was, sal nie een daarvan vergelyk kan word met die finale, groot verdrukking wat nog moet plaasvind nie. Die groot verdrukking sal gedurende die tyd van die sewe laaste plae van Openbaring hoofstuk 16 plaasvind. “En ek het ‘n ander teken in die hemel gesien, groot en wonderlik: sewe engele met die sewe laaste plae, want daarmee is die grimmigheid van God voleindig.” (Openbaring 15:1).

God se wraak sal gerig wees teen diegene wat ongehoorsaam is aan Sy wet, Sy waarheid verdraai, en Sy volk onderdruk. “Want die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat in ongeregtigheid die waarheid onderdruk.” (Romeine 1:18).

Die groot verdrukking val ook saam met die Slag van Armagéddon. Beide vind plaas onmiddellik voor Christus se wederkoms. “En hulle het hul versamel op die plek wat in Hebreeus genoem word Armagéddon. En die sewende engel het sy skaal uitgegooi in die lug, en ‘n groot stem het uit die

tempel van die hemel gekom, van die troon af, wat gesê het: Dit is verby!" (Openbaring 16:16,17).

Ek is oortuig daarvan dat die groot tyd van verdrukking slegs een of twee maande sal duur. Hier is 'n paar Skriftuur verwysings wat aandui dat dit slegs 'n kort tydjie sal wees.

Openbaring 18:8 sê vir ons, "daarom sal haar plae op een dag kom;" 'n "Dag" in die Bybel profesie verteenwoordig een letterlike jaar (Esegiël 4:6; Numeri 14:34; Lukas 13:32). Wanneer Openbaring dus sê dat "haar plae op een dag kom," beteken dit binne die bestek van een jaar.

Die aard van die sewe laaste plae – die riviere en see wat in bloed verander en die planeet wat deur intense hitte verskroei word – sou dit vir die mensdom onmoontlik maak om meer as een of twee maande te oorleef. Dit is waarom Jesus gesê het, "En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word." (Mattheus 24:22).

## Hoofstuk Sewe
## **Net Voor die Plae**

Aangesien die ondervinding van die kinders van Israel net voor die plae op Egipte geval het, 'n tipe, of simbool is van wat met God se kinders sal gebeur net voor die sewe laaste plae beskryf in Openbaring hoofstuk 16, laat ons daardie verhaal van nader bekyk.

Na 400 jaar van slawerny was die Israeliete beïnvloed deur die godsdiens van Egipte en was hulle oë nie meer gerig op die wet van God nie. Voordat Moses en Aäron dus die Farao ontmoet het, het hulle eers met die leiers van Israel ontmoet om 'n herlewing van toewyding tot God se wet aan te moedig – insluitende die Sabbat van die Skepping (Exodus 4:29-31). Die

mense het positief gereageer en dit is waarom die Farao kwaad geword en vir Moses en Aäron gesê het, “julle wil hulle laat ophou met hulle werk!” (Exodus 5:5). Hou in gedagte dat die kinders van Israel bewus was daarvan dat die Sabbat deel van God se wet was voordat hulle nog by Berg Sinai gekom het (Exodus 16:22-28).

Eweneens sal spesiale aandag weer gevestig word op die onderwerp van aanbidding en die Sabbatgebod voor die begin van die groot verdrukking. In Openbaring 14:7, roep ‘n engel God se volk met die woorde “aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het.” Die engel kwoteer duidelik uit die Sabbatgebod, wat sê, “Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus.” (Exodus 20:11).

‘n Wydverspreide herontdekking van die wet van God, insluitende die Sabbatwaarheid, sal die alarm wees wat die draak se woede laat ontketen. Die duiwel haat die Sabbat omdat hy weet dat alle liefdesverhoudings tyd as grondslag het. Indien hy die dag kan vernietig wat vir God se volk afgesonder was om kwaliteittyd saam met hulle Skepper deur te bring, kan hy die verhouding ook vernietig. Ons sien dit herhaaldelik gebeur tussen mans en vrouens of tussen vaders en seuns. Indien twee mense staak om kwaliteittyd met mekaar deur te bring, verbrokkel die verhouding spoedig.

Toe die kinders van Israel gereageer het op God se oproep om die sewendedag Sabbat heilig te hou, was die Farao woedend. Hy het geweet dat solank as wat die volk slegs gefokus was op werk, werk, werk, daar nie tyd sou wees om aan vryheid te dink nie. Die duiwel gebruik vandag presies dieselfde strategie. Sy doel is om mense so besig te hou met werk en die sorge van hierdie lewe, dat hulle nie tyd sal hê om

hulle Skepper te aanbid nie.  Hy weet dat indien hy mense die Sabbatsrus kan laat verwaarloos, hulle nooit die tyd sal hê om ernstig aan verlossing te dink nie.

Toe die Here deur die geskiedenis gekyk het na die einde van tyd, het Hy geweet dat Sy getroue volgelinge die Sabbat van die vierde gebod sou onderhou.  Dit is waarom Jesus Sy volgelinge ten opsigte van die verdrukking maan om te "bid dat julle vlug nie in die winter of op die sabbat mag plaasvind nie." (Mattheus 24:20).

Nog 'n manier waarop hierdie kort tydjie van verdrukking ooreenstem met die tyd net voordat die plae op Egipte geval het, is dat God se volk onderwerp sal word aan 'n periode van moeilike ontberings.  In Moses se dag, het die woedende Farao probeer om die harte van sy Israelietiese slawe teen hulle God te draai deur hulle te dwing om die gewone kwota stene te lewer sonder om die nodige strooi te voorsien.

Op dieselfde wyse sal die regering voor die verdrukking politieke en ekonomiese sanksies gebruik om God se eindtyd volk te dwing om die merkteken van die dier te aanvaar. Gedurende hierdie tyd sal van die heiliges verwag word om hulle geloof te deel in die teenwoordigheid van streng sosiale, politieke en godsdienstige teenstand.  "Sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het."  (Openbaring 13:17).

Wanneer dit nie daarin slaag om die volk van God te weerhou van gehoorsaamheid nie, sal 'n finale doodsdekreet uitgereik word.  Die Bybel sê, "En dit is hom gegee om 'n gees aan die dier se beeld te gee, sodat die dier se beeld ook sal praat en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie."  (Openbaring 13:15).  Op hierdie tydstip begin die groot verdrukking en die sewe laaste plae begin val.

Die tyd van verdrukking begin met die wraak van die duiwel

teen God se gehoorsame kinders (Openbaring 12:17) en eindig met die wraak van God teen diegene wat die dier gehoorsaam (Openbaring 14:9,10).

## Hoofstuk Agt
## **Geen Tweede Kans Nie**

Die hoofrede waarom hierdie laaste tydperk so intens sal wees, is omdat die genadedeur vir die verlorenes dan reeds gesluit het.  God het die eerste profesie hieroor aan Sy dienskneg Daniël gegee, wat geskryf het, "En in dié tyd sal Migael, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree; en dit sal 'n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op dié tyd nie; maar in dié tyd sal jou volk gered word, elkeen wat in die boek opgeskrywe staan."  (Daniël 12:1).  Let daarop dat wanneer die groot verdrukking begin, uitspraak oor die lotsbestemming van die mensdom reeds afgehandel sal wees.

Die deur van verlossing en genade sal vir die wêreld gesluit wees – net soos die deur van die ark sewe dae voordat die Vloed begin het, gesluit was.  Op daardie tydstip sal Jesus verklaar, "Wie onreg doen, laat hom nog meer onreg doen; en wie vuil is, laat hom nog vuiler word; en laat die regverdige nog regverdiger word, en laat die heilige nog heiliger word.  En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees."  (Openbaring 22:11,12).

Vir die eerste keer in die wêreld se geskiedenis sal die Gees van God heeltemal van die verlorenes onttrek word.  Die ongereddes sal heeltemal aan sataniese beheer oorgegee word.  Die gereddes sal vir ewig verseël wees en die goddelose vir ewig verlore.  Geen ander span kan dan meer gekies word nie!

Hoofstuk Nege

# God Word Verhoor

Indien niemand meer deur die plae bekeer kan word nie, waarom laat God dit dan toe?

Vir duisende jare het God se Gees in die harte van mense gewerk. Hy het egter gewaarsku dat dit nie vir altyd sal aanhou nie (Genesis 6:3). Satan moes ‘n geleentheid gebied word om te demonstreer hoe ‘n wêreld totaal onder sy beheer sal funksioneer. Daarom sal God uiteindelik toelaat dat die winde van onmin ongehinderd waai – maar nie voordat Sy diensknegte verseël is nie (Openbaring 7;1-3).

Die groot verdrukking sal aan die heelal bewys dat *niks* – selfs nie eens die ergste toestande in die geskiedenis van die wêreld – die karakters sal verander van diegene wat nog op die aarde leef nie. Ongeag wat ookal, sal God se volk Hom vertrou, terwyl Sy vyande teen Hom sal rebelleer.

Soms lei teenspoed ‘n verlore siel tot bekering, maar terwyl die sewe laaste plae uitgegiet word, sal die goddelose openbaar dat niks hulle meer kan laat verander nie. Die volgende drie versies bevestig dit:

> “En die vierde engel het sy skaal op die son uitgegooi, en daaraan is dit gegee om die mense met vuur te skroei. En die mense is geskroei met ‘n groot hitte, en hulle het die Naam van God gelaster wat mag het oor hierdie plae, en hulle het hul nie bekeer om Hom heerlikheid te gee nie.” (Openbaring 16:8,9).
>
> “En hulle het die God van die hemel gelaster oor hulle pyne en oor hulle swere, en het hulle nie bekeer van hul werke nie.” (Openbaring 16:11).

“En die mense het God gelaster oor die plaag van die hael, omdat sy plaag ontsettend groot was.” (Openbaring 16:21).

## Hoofstuk Tien
## **Geen Rede om te Vrees Nie**

Miskien was u beeld van die groot verdrukking altyd soos die volgende angswekkende resep:

*Plaas die hele inhoud van Armagéddon in ‘n drukpot, meng dan die sewe laaste plae saam met een bottel vol van Jakob se benoudheid en een hele fyngedrukte Babilon. Roer dan twee volle houers wraak eweredig hierby – een van God en een van Satan. Verseël en kook teen ‘n hoë temperatuur.*

Dit blyk asof ons almal vreesaanjaende beelde skep wanneer ons dink aan die komende verdrukking. Doen uself ‘n guns; probeer die volgende. Stel uself voor Jesus in ‘n klein tengerige bootjie op ‘n donker see, met die golwe wat styg en die wind wat suis. Markus 4:38-40 beskryf die toneel: “Maar Hy was agter op die skuit aan die slaap op die kussing. En hulle het Hom wakker gemaak en vir Hom gesê: Meester, gee U nie om dat ons vergaan nie? En Hy het opgestaan en die wind bestraf en vir die see gesê: Swyg, wees stil! En die wind het gaan lê, en daar het ‘n groot stilte gekom. Toe sê Hy vir hulle: Waarom is julle so bang? Hoe het julle dan geen geloof nie?” Jesus het met die vrede van ‘n baba gerus, omdat Hy geleef het met geloof in Sy hemelse Vader. Een boodskap wat Hy herhaaldelik dwarsdeur Sy bediening gegee het, was “Moenie vrees nie.”

In Johannes 16:33 het Jesus gesê, “Dit het Ek vir julle gesê,

dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê, maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin.”

God wil nie hê dat ons vreesbevange sal leef nie, maar eerder in geloof. “Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie.” (1 Johannes 4:18).

Gedurende die wêreld se donkerste uur en grootste beproewing, sal God onbeperkte vrede en geloof voorsien. Ons moet slegs onthou dat Jesus saam met ons in die boot is. Al word die vuuroond sewe keer warmer gemaak, kan ons veilig daardeur gaan as Jesus aan ons sy is.

Die een-en-negentigste Psalm bevat spesiale beloftes vir diegene wat gedurende die laaste groot verdrukking sal leef. Dit sê, “Jy hoef nie te vrees vir die skrik van die nag, vir die pyl wat bedags vlieg nie, vir die pes wat in die donker wandel, vir die siekte wat op die middag verwoes nie! Al val daar duisend aan jou sy en tienduisend aan jou regterhand – na jou sal dit nie aankom nie. Net met jou oë sal jy dit aanskou en die vergelding van die goddelose sien.” (Psalm 91:5-8).

Die Psalmis maak dit duidelik dat ons deel van die wêreld sal wees tydens die plae, maar nogtans onaangeraak sal bly, indien God ons toevlug is. “Geen onheil sal jou tref en geen plaag naby jou tent kom nie.” (Psalm 91:10).

## Hoofstuk Elf
## **Redding Uit Die Hemel**

Op Vrydag, 2 Junie 1995, het Kaptein Scott O’Grady met sy F-16 oor Bosnië gevlieg toe die straler middeldeur gesny was deur Serbiese lugafweergeskut. Hy het vinnig sy uitskietstoel geaktiveer en met ‘n valskerm na die grond gedaal. Skielik het hy

homself in ‘n vreemde, vyandige omgewing bevind waar die hele Serbiese weermag elke sentimeter grond deursoek het om hom te probeer vind.

Vir ses dae het hy gebid, dikwels met sy gesig op die grond gedruk, ten einde te vermy dat hy opgemerk word deur ‘n soldaat wat slegs ‘n paar meter van hom af verbygaan. Vir ses lange dae het hy oorleef – koud, nat, moeg, honger, goggas geëet en vuil water gedrink, en elke nag op sy klein radio geroep om hulp van bo, op vlug vir die vyand, en onder bosse weggekruip.

Toe het ‘n waaghalsige redding uit die lug gekom. Veertig vliegtuie, honderde soldate, satelliete en die gekombineerde tegnologie van NAVO was ingespan om een vervolgde soldaat te red.

Sal God minder vir Sy volk doen?

Met sy terugkeer in die Verenigde State van Amerika is Kaptein Scott O’Grady as ‘n held ontvang. Waarom? Omdat hy uit ‘n groot verdrukking gekom het. Ons sal ook ‘n kort tydjie van benoudheid moet verduur, maar dit sal in die nietigheid verdwyn wanneer dit vergelyk word met die heerlike oomblik wanneer Jesus deur die wolke breek tesame met die engeleskare om Sy kinders te kom verlos.

> “Want ek reken dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie.” (Romeine 8:18).